Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die Kerkblad

Februarie 2021

2020-Vertaling: enkele opmerkings

God se tyd nie ons tyd nie

www. gksa.org.za

Inhoud

Februarie 2021

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

JAARGANG 121, NO. 3353
Februarie 2021

1 VAN DIE REDAKTEUR
God se tyd nie ons tyd nie

4 UIT DIE WOORD
God doen huisbesoek by Bokim

7 REDAKSIONEEL
Afstand van God en geloof – is dit bevryding?

FOKUS
10 Skrywe aan regering oor beperking op eredienste
12 Die 2020-Vertaling: enkele opmerkings

IN DANKBARE HERINNERING
14 Ds. PJJ van der Walt
16 Ds. RJP du Plessis
18 Ds. AZ Pelser

20 Lief en Leed
21 Kerklike administrasie
22 Kleinadvertensies

REDAKSIEKOMMISSIE
REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. MN Hermann

Adresbesonderhede:
- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2020 – 30 Junie 2021):
Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R301
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R434
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R407
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R126

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462

EIENAARS EN UITGEWERS
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

God se tyd nie ons tyd nie

Met die skryf van hierdie artikel het ons pas die nuwe jaar ingegaan. Dit laat 'n mens onder andere dink aan ons menslike begrip en interpretasie van tyd.

Ons tyd

Ons meet tyd in terme van dae en weke, maande en jare. En ons is veral geneig om van 'n nuwe jaar net die mooi en die goeie dinge te verwag. So wens ons mekaar ook telkens 'n voorspoedige jaar toe, met gesondheid en seëninge.

Ons het dit ook gedoen met die oog op 2021. Ons onthou die jaar 2020 veral as die jaar van die korona-pandemie, met alles wat daarmee saamgaan. Hoeveel van ons het nie dierbares aan die dood afgegee nie? Vir hoeveel maande kon ons as kerke nie in die erediens saamkom nie? Hoe ingrypend is die ekonomie nie geraak nie? Hoeveel mense het nie hulle werk verloor of is gedwing om ondernemings te sluit nie?

En wie van ons het nie gehoop en geglo en verwag dat ons dit alles saam met die ou jaar sou agterlaat nie, dat die nuwe jaar 'n einde aan al die virus-probleme sou bring nie, en ons lewe en kerkwees weer normaal sou kan voortgaan nie?

2021

En toe breek 2021 aan met 'n nuwe golf (en selfs 'n nuwe variant) van die virus, meer aansteeklik en meer onbeheerbaar as ooit in 2020.

In die lig daarvan het die regering nuwe maatreëls aangekondig. Vir ons as gelowiges is een van die slegste die nuwe verbod op eredienste. Weereens, soos in die eerste maande van die pandemie, word ons kerkdeure gesluit, met al die hartseer en gemis wat daarmee saamgaan.

So het ons opnuut geleer dat die blote oorgang van een jaar na ’n ander nie skielik alles verander nie. Inteendeel.

God se tyd

Die belangrikste rede daarvoor is dat ons tyd nie God se tyd is nie. Ja, God het tyd geskep. Die wisseling van dag en nag en van seisoene en jare kom van Hom af. Maar Hyself is bo die tyd verhewe. Hy is die ewige God, sonder begin of einde. Een dag is by Hom soos duisend jaar, en duisend jaar soos een dag (2 Pet. 3:8).

Sy ingryping in ons lewe en in die gebeurtenisse van die wêreldgeskiedenis is nie aan tyd gebonde nie.

Ja, Hy bestuur die tyd, elke sekonde daarvan. Ons tye is in sy hande (Ps. 31:16). Hy het ons lewensdae bepaal toe nog geeneen van hulle daar was nie (Ps. 139:16, 1933/53-vert). Hy bepaal ons geboortedag en ons sterfdag. Daar gebeur niks by toeval nie. Alles kom uit sy Vaderhand (HK Sondag 10).

Dit geld ook vir die jaar 2021, soos vir elke ander jaar. As ons net aan die korona-virus dink (wat ook die eerste weke van hierdie jaar grootliks oorheers) moet ons sê, sonder om enigsins ons menslike verantwoordelikheid en pogings om die virus te bestry in die minste te ontken of na te laat, weet ons as gelowiges dat die uitkoms van die virus uiteindelik in God se hande is. Hy het ander maatstawwe waarmee Hy die tyd meet en beoordeel, maatstawwe soos gehoorsaamheid en inkeer en bekering en besinning en roepingsvervulling van ons kant. En maatstawwe soos respek en erkenning van sy almag van die kant van die ongelowige wêreld.

Gaan ons ’n dag beleef dat ook die ongelowige wêreld soos ’n Nebukadnesar in Daniël 4:34-37 (“... en ek het die Allerhoogste geloof en Hom wat ewig lewe, geprys en geëer. Wie se heerskappy ’n ewige mag en wie se koningskap van geslag tot geslag is ... Nou prys ek, en ek roem en eer die Koning van die hemel: al sy werke is waarheid en sy paaie is reg, en Hy kan verneder dié wat in hulle trotsheid wandel”) en ’n Darius in Daniël 6:27, 28 (“... Hy is die lewende God en Hy bestaan in ewigheid en sy koninkryk is een wat nie vernietig kan word nie en sy heerskappy duur tot die einde toe. Hy verlos en red en doen tekens en wonders in die hemel en op die aarde ...”) erken dat God die ewige en almagtige en enigste God is wat alles beheer? Daarmee wil ons nie sê dat Nebukadnesar en Darius tot die ware, saligmakende geloof gekom het nie.

Die dag van die voleinding

Uiteindelik sal al die dae en maande en jare wat voortsnel, op God se tyd uitloop op die heel laaste dag, die dag waarop tyd finaal ewigheid word, die dag van die voleinding, wanneer Christus kom op die wolke en God alles sal wees in almal.

Daarheen is ons op pad, ook in 2021. Dit is ons troos, ons uitsig en ons verwagting. En elke dag moet ons leef in harmonie met God se tyd en nie ons tyd nie, as mense wat reeds die ewigheid in ons harte het. CFCC

LICORNA BEACH
UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS
Luukse seefront - vakansiewoonstelle, slegs 20km noord van Durban.
Volledig toegerus. Lugreëling, Satelliet TV, Diens, Wassery en swembad.
SENIOR BURGERS - geen trappe van woonstel na strand.
Besprekings - Tel: (031) 561-2344; Faks: (031) 561-2974
LAGOONRYLAAN 82, POSBUS 544
UMHLANGA ROCKS 4320
E-pos: licorna@intekom.co.za
http://licorna.co.za

Afskeid van God en geloof ...

is dit bevryding?

Aan die einde van verlede jaar het daar twee "skokkende" artikels/berigte in die openbare pers verskyn, eers in *Rapport weekliks* van 15 November, met die opskrif *"Die mens: Antwoord en ook skepper"*, en toe in *Die Burger* van 12 Desember, met die opskrif: *"Reis na anderkant God."*

Albei artikels/berigte handel oor 'n nuwe boek uit die pen van dr. Ben du Toit, oudpredikant en teoloog van die NG Kerk. Die titel van die boek is: *"God. Is daar 'n ander antwoord? 'n bevrydende reis".*

Du Toit sê self dat hy tot 2015, met sy aftrede, "volledig betrokke was by die verkoop van die gereformeerde verstaan van die evangelie, want dit was my passie". Maar volgens hom het hy na 'n bevrydende reis by 'n lewe anderkant God en anderkant geloof uitgekom. Hy noem homself nou 'n post-teïs, "dus iemand wat verder beweeg het en die geloof in God afgelê het", aldus prof. Pieter Verster in *Beeld* van 9 Januarie 2021. "Hy word 'n priester van die ongeloof wat mense van sy ongeloof wil oortuig" (Verster).

Ek gee enkele aanhalings uit die boek van Du Toit en bogenoemde onderhoude: "... vandag weet ek dat my lewe nie beïnvloed of beheer word deur enige tipe metafisiese entiteit of mag of energie wat iewers 'in die hemel' gesetel is en aan wie ek keuseloos uitgelewer is nie. Nee, my lewe word beheer deur die verstommende skeppende vermoë van my brein ... daar is niks in die hemel wat nie op aarde gemaak is nie ... Soos reeds gesê, is ek van hierdie eksterne, spirituele magte radikaal bevry ... Dis 'n verligtende bevryding van enige tipe godheid of metafisiese mag – dis geheel radikaal ... dit alles (met verwysing na wetenskap, navorsing, kreatiwiteit, kuns, klank, tale ens – CFCC) het sy oorsprong in die brein – in die brein van elke individu, sowel as in die kollektiewe 'brein' van 'n gemeenskap. Daarom dat hierdie boek op die vraag na God (?) reageer met die woorde: Daar is 'n ander antwoord. Dit is die mens wat skepper is, nie God nie".

"As daar nie 'n voortbestaan van lewe hierna is nie – en die betrokkenheid van 'n godheid by ons lewe hier en nou uiters problematies is ... is die nut van geloof in 'n godheid, 'n superieuse wese, 'n energie of metafisiese figuur sonder enige motivering ... Ek is 'n mens met 'n brein. Ek is as mens met 'n brein 'n produk van 'n lang evolusionêre proses. Daar was geen transendente, metafisiese mag of God as skepper by betrokke nie. Ek is die resultaat van 'n biologiese proses. Dis die waarheid". Vir Du Toit is die mens se brein allesbepalend, aldus Verster.

Vrae

Die radikale omkeer in sy lewe en denke, van gereformeerde "gelowige" tot post-teïs wat afskeid geneem het van God en geloof, soos

Du Toit dit in sy boek beskryf, roep baie vrae by my as mens op, waarvan ek net twee aan die orde stel.

Kan 'n wedergeborene verlore gaan?
Volgens Du Toit self het hy in 'n gelowige predikantshuis grootgeword en was hyself baie jare 'n toegewyde verkondiger van die evangelie. Ons sou hom as wedergebore Christen kon beskryf. Maar nou verklaar hyself dat hy afskeid geneem het van God en van geloof. Kan 'n wedergeborene dus sy/haar wedergeboorte prysgee of verloor?

Die Bybel leer ons baie duidelik dat dit nie kan gebeur nie. Die wedergeboorte en geloof is die wonderbare gawes wat die Heilige Gees deur die Woord in die uitverkorenes werk. Die Gees werk vrymagtig en soewerein. Lees onder andere Johannes 3:8 en Romeine 8:29, 30.

Dit is op grond van die waarheid van die Skrif dat ons in die Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5, par. 6, 7 bely: "God, wat oneindig barmhartig is, neem weens die onveranderlike besluit van die uitverkiesing sy Heilige Gees nie heeltemal van sy eiendom af weg nie, selfs nie in hulle jammerlike sondeval nie. Hy laat hulle ook nie so diep val dat hulle uit die genade van die aanneming en uit die staat van regverdiging uitval nie. Ook laat Hy nie toe dat hulle die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees begaan nie en, heeltemal deur Hom verlaat, hulleself in die ewige verderf stort nie. Wanneer hulle so in die sonde val, bewaar God eerstens in hulle sy onverganklike saad waaruit hulle weergebore is, sodat dit nie vergaan of vernietig word nie. Ten tweede vernuwe Hy hulle deur sy Woord en Gees seker en kragtig tot berou ..."

Wat dr. Du Toit betref, moet ons dus tot die konklusie kom dat hy nooit wedergebore was nie, of op God se tyd weer tot berou en bekering sal kom.

Ons bede is dat laasgenoemde waar mag wees.

Is post-teïsme en radikale ongeloof moontlik?
Ook op hierdie vraag is die antwoord in die lig van die Skrif *nee*. Die mens is as godsdienstige (religieuse) wese geskep. Calvyn het gesê die mens dra die saad van godsdiens in hom of haar (*semen religionis*). Dit is ook Calvyn wat gesê het die mens het 'n besef van die goddelike (*sensus divinitatis*).

Daar is dus nie 'n mens wat nie glo nie. Hulle wat nie die ware, saligmakende geloof in Christus as hulle persoonlike Verlosser het nie, het iets of iemand anders in wie of waarop hulle hul vertroue stel, sy dit geld of goed, die wetenskap, voorvadergeeste of wat ookal (vgl. HK v/a 95 oor afgodery). In Du Toit se geval glo hy klaarblyklik in die mens en sy vermoë. Die mens se brein is vir hom allesbepalend.

Dit is natuurlik geen nuwe standpunt (of geloof of dwaling) nie. Trouens, dit is die oersonde van die mens om soos God te wees of God van die troon te stoot. 'n Mens wat afskeid neem van God, moet voortaan sy eie lewenslot bepaal, self die antwoorde vind op die diepste lewensvrae wat nie skielik gaan verdwyn nie.

Ware bevryding
Die mens wat afskeid neem van God en van geloof, kan nooit waarlik vry wees nie. Inteendeel. Paulus skryf aan die Efesiërs dat mense sonder God, sonder hoop is. Die mens sonder God is steeds slaaf van die sonde, onder heerskappy van die duiwel.

Die enigste ware bevryding is bevryding van die sonde deur die soenverdienste van Jesus Christus om in lewe en sterwe nou aan Hom te behoort (HK Sondag 1). Ons lees in Johannes 8:36: "As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees."

Kan daar 'n groter sorgeloosheid en vryheid wees as om te weet jou hele lewe is in die hande van die almagtige God, jou hemelse Vader? CFCC

Di. C Aucamp en LM Floor (Deputate Owerheid GKSA)

Skrywe aan regering oor beperking op eredienste

Ons rig hierdie skrywe aan u namens die Deputate Owerheid van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Soos u kan verwag, handel dit oor die huidige beperking van samekomste, wat ook godsdienstige samekomste insluit. U sal begryp dat die saamkom in erediens 'n kernelement van die lewe van enige gemeente is en dat die verbod daarop vir ons kerke 'n moeilike saak is.

In dié verband wil ons die volgende konstateer:

- Ons is terdeë bewus van die gevaar wat die Covid-19-virus vir ons almal inhou, en die moeilike taak wat die regering het om die verspreiding van die virus so ver moontlik in bedwang te hou.
- Ons is ook bewus daarvan dat samekomste van mense maklik superverspreiders van die virus kan word.
- Ons erken die taak van die owerheid om noodmaatreëls in te stel wat selfs tydelik die regte van individue, maar ook organisasies kan beïnvloed, selfs die kerk ...

Daarteenoor wil ons dit onder u aandag bring:

- Dat die werk van die kerk, ook die bediening in die samekoms van gelowiges, inderdaad 'n "noodsaaklike diens" is wat sover as moontlik binne veiligheidsperke toegelaat moet word. Die geestelike welsyn van die mense van Suid-Afrika is net so belangrik soos die materiële welsyn. Die geestelike behandeling is net so belangrik soos die liggaamlike behandeling. Dit is by uitstek so in 'n tyd van ramp en ontwrigting.
- Dat die saamkom van gelowiges in erediens inderdaad 'n opdrag van ons Here is.
- Dat kerke nog vir 'n kort tydperk kan aanpas en sonder die noodsaaklike fisiese saamkom kan funksioneer. Indien dit vir 'n langer tyd geskied, kan die gevolge egter baie nadelig vir die kerke wees, en kan party selfs hulle deure permanent moet sluit.
- Dat die moontlikheid sterk is dat die golf van infeksies nog geruime tyd kan duur. In so 'n geval sal daar 'n ander ooreenkoms tussen kerk en owerheid moet wees, anders as 'n blote algehele verbod op eredienste.
- Dat daar met betrekking tot die risiko van verspreiding van die virus oor die land heen groot verskille bestaan. Die verskille bied ruimte tot 'n meer genuanseerde benadering.
  - Kerke se manier van erediens hou en sosiale kontak tydens godsdienstige byeenkomste verskil.
  - Die moontlikheid van infeksie in verskillende gebiede verskil, veral tussen plekke met 'n baie lae besmettingsyfer en plekke in die sogenaamde "hot spots".
  - Die kapasiteit van mediese dienste en beskikbaarheid van hospitaalbeddens verskil ook baie van plek tot plek.

In die lig van bogenoemde wil ons die volgende versoeke tot die owerheid rig:

- Dat die regering weë sal bedink hoe om ordelik met samewerking en toestemming van plaaslike owerhede dit tog moontlik te maak dat waar eredienste wel in veiligheid kan geskied, dit toegelaat kan word.

Die verantwoordelike afwenteling van hierdie bevoegdheid na plaaslike owerhede en gemeenskappe sal ook 'n groter betrokkenheid van plaaslike owerhede in die toepassing van die ooreengekome regulasies bewerkstellig, wat sodoende die las op die sentrale owerheid sal verlig.

Gemeenskappe kan op hierdie wyse ook in 'n groter mate eienaarskap aanvaar vir wat in hulle eie midde gebeur.

- Dat die regering die saamkom van gelowiges om te aanbid as 'n "noodsaakike diens" sal beskou, met hoë prioriteit om dit so gou as enigsins moontlik weer toe te laat.

Van die kerke se kant onderneem ons en kan ons u verseker dat die noodsaaklike protokol met erns en toewyding toegepas sal word.

Sake wat ons onder die aandag van die regering moet bring

Ons wil dit onder u aandag bring dat daar 'n paar sake is wat ons taak om al ons lidmate in die veldtog teen Covid-19 aan boord te kry, ernstig bemoeilik.

- Ons wil en moet die owerheid daarop wys dat korrupsie in vredestyd die lojaliteit en samewerking in tyd van nood en ramp ernstig benadeel. Vertroue wat geskend is, bemoeilik die noodsaaklike samewerking wat daar in 'n tyd soos hierdie moet bestaan. In dié verband het die korrupsie met die uitrol van veiligheidstoerusting in die Covid-19-bestryding 'n groot vertrouenskrisis teweeggebring. Ons as kerke glo volgens die Skrif dat die owerheid 'n gesant is van God. Dit plaas 'n geweldige verantwoordelikheid op die skouers van almal in die regering, van openbare verteenwoordigers tot amptenare, om skoon, eerlik en sonder selfverryking te regeer.

- Ons wil die regering gevolglik daartoe oproep om in die uitrol van die massale taak van voorsiening van entstof aan alle Suid-Afrikaners met groter erns te waak teen korrupsie, soos wat die President inderdaad beloof het. (Entstowwe sal 'n baie goeie prys op die swartmark behaal.) Ook dat daar, in stede van regeringsentralisasie, in groter mate aan instansies van die burgerlike samelewing geleentheid gebied sal word om mee te werk in die verspreiding van die entstof.

- Die bombastiese en soms onnodig-geweldadige optrede van sekere regeringslui is nie bevorderlik vir die noodsaaklike samewerking in 'n tyd van ramp en nood nie.

Ons wil ook hiermee die regering verseker van ons voorbidding in hierdie uitdagende tyd en ongekarteerde landskap. As gelowiges dra ons die regering en ons hele land aan die troue sorg van ons Hemelse Vader op, ook met die opregte bede dat die Here die golf van die Covid-19-virus sal laat bedaar, en ons almal met die nodige verantwoordelikheid daartoe sal beklee. DK

Prof. PP Krüger (Paul) (emeritus)

Die 2020-Vertaling: enkele opmerkings

Die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans (verder aangedui as AFR20) is amptelik in November 2020 in Bloemfontein bekendgestel. Verskeie persone het die afgelope tyd in die media goeie toeligting oor hierdie vertaling gegee, wat nie hier onder herhaal word nie. Ses sake word onder lidmate se aandag gebring.

Amptelike vertaling

AFR20 is die vierde amptelike vertaling in Afrikaans. Die ander drie is die 1933-vertaling, soos in 1953 hersien (AFR33), die 1983-vertaling, soos later hersien (AFR83) en die Bybel vir Almal (2007, in vereenvoudigde Afrikaans, oorspronklik vir dowes bedoel).

Met "amptelik" word bedoel dat verskillende kerke in die vertaalproses saamgewerk het, dat 'n wye verskeidenheid kundiges (onder andere kundiges van die Bybeltale en Afrikaans) betrokke was en dat die Bybel uiteindelik deur die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap uitgegee word. Daar is ook verskeie privaatvertalings in omloop wat op inisiatief van boekhuise uitgegee is en waaraan heelwat minder mense gewerk het. Onder die vertalings tel die Lewende Bybel en die Nuwe Lewende Vertaling.

"Amptelik" beteken nie dat die kerk 'n vertaling goedkeur nie. Ons sinodes het AFR33 en AFR83 wel vir gebruik aanbeveel, maar nooit die stempel van finale goedkeuring daarop geplaas nie. Die Algemene Sinode wat waarskynlik aan die begin van 2022 sal vergader, sal na verwagting dieselfde met AFR20 doen.

Ek voorsien wel dat AFR20 'n baie groot rol in ons kerklike lewe sal speel, moontlik ten koste van AFR83 en waarskynlik as vertaling wat náás AFR33 gebruik sal word.

Inisiatief van die GKSA

AFR20 vloei voort uit 'n versoek wat die GKSA aan die Bybelgenootskap gerig het vir 'n brontaalgeoriënteerde vertaling van die Bybel in moderne Afrikaans waar onder andere die onderskeid tussen die Godsname JHWH en Adonai in die Ou Testament gehandhaaf word (Nasionale Sinode 2000).

Dit beteken egter nie dat AFR20 'n vertaling van die Doppers is nie. Die Bybelgenootskap het sy eie behoeftebepaling onder Afrikaanssprekendes gedoen en die proses van vertaling geloods.

Alle kerke in Suid-Afrika met Afrikaanssprekende lidmate is uitgenooi om aan die proses deel te neem. Hoewel die vertaling "ekumenies" is, het verskeie van ons predikante, professore en ander lidmate met die nodige kundigheid (bv. in die Hebreeuse en Griekse taal, asook Afrikaans) deelgeneem aan die vertaalproses. Op verskeie advieskomitees is waardevolle insette gelewer: teologiese profes-

sore Herrie van Rooy en Jorrie Jordaan het op die Redaksionele Komitees van onderskeidelik die Ou en Nuwe Testament gedien, asook op die Begeleidingskomitee; professor Heilna du Plooy het op die Literêre Advieskomitee gedien.

Daar is op sosiale media verskeie rondskrywes wat die proses van vertaling verdag probeer maak. Hierdie rondskrywes berus nie op goeie gronde en feite nie. Hoewel enige Bybelvertaling gebreke het, is AFR20 'n goeie en verantwoordbare vertaling.

Vervang BDV

Die afgelope paar jaar was 'n vertaling van die Nuwe Testament en Psalms beskikbaar, bekend as "Die Bybel: 'n Direkte vertaling" (BDV). Hierdie vertaling was 'n proefvertaling in aanloop tot AFR20 en is aansienlik hersien. In sommige boeke en hoofstukke is daar in feitlik elke vers veranderings aangebring.

Ek merk met dankbaarheid op dat verskeie sake in BDV waaroor ek bedenkinge gehad het, beter in AFR20 geformuleer is. Omdat AFR20 die proefvertaling (BDV) vervang, baat dit nie om laasgenoemde nog enigsins te gebruik nie.

Inleidings en voetnote

Soos met AFR83, het AFR20 by elke Bybelboek 'n inleiding en is daar aan die einde 'n woordelys wat belangrike begrippe verduidelik. Daarby maak AFR20 ruim gebruik van voetnote wat lesers inlig oor die bronteks, alternatiewe vertalings en wat ook hier en daar verduidelikings gee. Dit is belangrik om te onthou dat die inleidings, woordelys en voetnote, net soos opskrifte by die onderskeie Skrifgedeeltes (perikope), nie deel van die Bybel is nie, maar dat dit hulpmiddels is wat die Bybelvertalers bý die vertaling plaas.

Die voetnote is waardevol, veral vir die moderne, ingeligte leser. Aan die ander kant kan voetnote soms subjektiewe kommentaar gee, wat lesers tot 'n bepaalde interpretasie van die Bybelteks lei. Die GKSA se Deputate Bybel moet nog by die sinode oor die inleidings van die Bybelboeke rapporteer. Neem intussen kennis dat, hoewel die Bybelgenootskap ons verseker het dat daar versigtig omgegaan is met die skryf van die inleidings, sienings in sommige van die inleidings oor die ontstaan en aard van die onderskeie Bybelboeke nie noodwendig vir Gereformeerde lidmate aanvaarbaar is nie.

Hoofletteruitgawe

Sommige kerke het gevra vir 'n uitgawe waar die gedeeltes in die Ou Testament wat in die Nuwe Testament aangedui word as messiaans (verwysend na Jesus Christus) met 'n hoofletter aangedui word (bv. *Hy* in plaas van *hy*). Die Bybelgenootskap het die versoek toegestaan. AFR20 is reeds beskikbaar in sowel die gewone as 'n hoofletteruitgawe.

Die prys van die twee uitgawes is dieselfde. As jy laasgenoemde verkies, maak seker wanneer jy die vertaling aankoop dat dit as die hoofletteruitgawe aangedui word.

Elektroniese uitgawes

Lidmate wat graag AFR20 op hulle rekenaar, tablet, selfoon of elektroniese boekleser wil gebruik, kan die epub- of Kindle-weergawe koop wat teen ongeveer USD6 ($6), met ander woorde ongeveer ZAR100 (R100) beskikbaar is. Hierdie uitgawes is onder andere beskikbaar by Amazon.com of Kobo.com. 'n Kindle-boekleser is nie nodig om die Kindle-weergawe te lees nie, aangesien die Kindle-toepassing gratis op jou rekenaar, tablet of slimfoon aflaaibaar is. Die Kindle-uitgawe het fasiliteite vir die merk van teks. Sowel die gewone as die hoofletteruitgawe is op Kindle beskikbaar. Waarskynlik word AFR20 later op ander elektroniese platforms, asook Bybelprogramme soos Logos en Accordance beskikbaar gestel, asook as toepassing op slimfone en tablette. DK